

# GIDS VIR OUERS

## LAERSKOOL SONOP DESPATCH

### KINDERS SE LEWENSOMSTANDIGHEDE

As 'n kind met kritiek saamleef,  
leer hy om te veroordeel...  
As 'n kind met vyandigheid te kampe het,  
leer hy baklei...  
As 'n kind met bespotting moet saamleef,  
leer hy om skaam te wees...  
As 'n kind met skande moet saamleef,  
leer hy skuldig voel...

*Maar*

As 'n kind verdraagsaamheid ervaar,  
leer hy om geduldig te wees...  
As 'n kind aanmoediging ervaar,  
leer hy selfvertroue...  
As 'n kind geprys word,  
leer hy om waardierend te wees...  
As 'n kind billik behandel word,  
leer hy sin vir geregtigheid...  
As 'n kind goedkeuring ervaar,  
leer hy om van homself te hou...  
As 'n kind met aanvaarding en liefde omring word,  
leer hy om lief te hê!

*Vriende in 'n mens se lewe  
is soos pilare  
op 'n mens se stoep:  
Soms hou hulle jou staande;  
soms leun jy teen hulle;  
soms tyds is dit genoeg...  
om te weet dat hulle daar is.*

## **BRIEF**

Geagte Ouers

Aangesien ons u graag volkome vertrouwd wil hou met die doelstellings, strewes en werksaamhede van ons skool, ag ons dit noodsaaklik om aan u 'n volledige oopgawe van ons skoolaktiwiteite, reëls, ens. te verskaf.

Dit is ons voorreg om medeverantwoordelik te wees vir die opvoeding van u kind. Ons nooi u as opvoedingsvennote uit om, sover moontlik, aktief mee te doen aan die geleenthede en aktiwiteite wat die skool aanbied ter bevordering van die positiewe vorming van u kinders.

Die skool help u om u kinders vir hul lewenspad voor te berei. Om die kind hiervoor toe te rus, strewes ons daarna om hom/haar as totale mens op te voed. Ons stel ons ten doel om u kind verstandelik en geestelik te slyp en 'n grondslag te lê waarop hy/sy in die hoërskool kan voortbou.

Omdat die beoefening van sport en deelname aan ander ko-kurrikulêre bedrywighede grootliks bydra tot 'n gebalanseerde lewensuitkyk en die ontwikkeling van mooi karaktereienskappe, beskou ons dit as 'n belangrike integrerende deel van die opvoeding van ons kinders.

Dit is ons opregte wens dat u saam met ons daarna sal strewes om aan ons kinders slegs die beste te bied. Mag dit dan waar wees dat u en Laerskool Sonop mekaar sal aanvul en wedersyds verryk in hierdie strewes.

Ons skool se naam het oor die jare heen in betekenis en inhoud gegroei sodat dit vandag vir diegene wat aan ons verbonde was en nog steeds is - leerder, ouer, kollega en vriend - besondere waarde het. Mag elkeen wat by ons aansluit die genade ontvang om te deel in en positief by te dra tot die mooi en trotse beeld.

***Seën en allerbeste wense word u toegebid.***

## **VISIE**

1. Om in die opvoedingsproses, leerders te vorm tot verantwoordelike, gebalanseerde en selfstandige persone.
2. Om deur doelgerigte en bekwame onderrig die leerders se vermoëns te ontwikkel deur die nuttigste onderwysmetodes via pasafgestudeerde studente/opvoeders te laat saamsmelt met ou geslaagde en beproefde metodes van ervare opvoeders.
3. Om die leerders te lei tot selfdissipline deur die aanvaarding van gesag en dissipline in die skool, tuis en in die gemeenskap.
4. Om 'n gelukkige skoolklimaat te skep deur samewerking en naasteliefde te bewerkstellig tussen opvoeders, leerders, ouers en die gemeenskap.
5. Om op 'n deurlopende basis daardie kwaliteite te beklemtoon wat interaksie tussen kollegas tot gevolg sal hê.
6. Om met ywer en toewyding die mooi hoedanighede van hierdie skool, hoe langer hoe meer, uit te bou sodat Laerskool Sonop vir die jare vorentoe altyd 'n inklusiewe heenkome sal bied vir diegene wat kwaliteit laerskoolonderrig vooropstel.

7. Om voldoende geleentheid te skep sodat leerders wat nie in die hoofstroom kan vorder nie, gekanaliseer kan word na 'n klas waar hulle volgens hul vermoëns kan ontwikkel.
8. Om voldoende geleentheid te skep vir die skool om in getalle te groei.

*Die drome wat ons deel,  
word ons kosbaarste  
herinneringe...  
Elke droom wat vervul word  
werp vreugde op dit wat voorlê.*

## **SKOOLWAPEN**

Die wapen spreek tot ons deur middel van die volgende simbole:

Die opkomende son - die bron van lig, krag en lewe.

Die groen bodem - die besproeide landerye wat voorheen 'n groot gedeelte van die gebied tussen die treinspoor en die rivier beslaan het.

Die geopende boek - die simbool van kennis.

Die leuse WEES WAKKER, wat betrekking het op die naam van die skool, maar ook aandag in die klas, flinkheid van beweging en waaksaamheid in die geestelike lewe impliseer.

Die wapen word met silwergrys omsoom en word op 'n maroon agtergrond, soos die van die kleurbaadjie, gemonteer.

## **SKOOLLIED**

As die son oor die bulte skyn-  
en sy gloed alom versprei,  
oor aalwynrant aan albei kant  
van landelik' vallei.

Waar Swartkops in die noorde  
oor klippe bruisend gaan,  
en ysterperd aan suidekant  
voortvaar op gladde baan -

Dan kom die wekroep silwerklaar  
vir jou en ook vir my:

“Dis môrelik, dis roepingsplig!  
WEES WAKKER en wees bly!”

Ons sal werk as die son nog skyn,  
ons sal woel wyl d'winde waai,  
want arbeid maak die lewe soet,  
en eendag sal ons maai.

In werk en spel en wandel  
sal dit ons strewe bly,  
ons skool se naam te huldig,  
opdat sy steeds gedy,  
en as ons swak of traag mag word,  
sal die wekroep ons bevry:

“Dis môrelik, dis roepingsplig!  
WEES WAKKER en wees bly!”

*Ons leef in 'n tyd van ontplofbare  
veranderinge -  
'n Tyd wat aansienlik verskil  
van enige vorm van verandering  
wat ons nog ooit voorheen ervaar het.*

## **M**ISSIE

1. Om enersyds die Christelike karakter van hierdie skool te handhaaf en andersyds die bestaan van ander geloofsoortuigings in ons land te erken en te respekteer.
2. Om elke leerder te lei tot selfstandige denke en die bemeestering van lewens- en ander vaardighede met die doel om in die samelewing menswaardig te kan optree.
3. Om by elke leerder 'n positiewe selfbeeld en gevoel van eie waarde, selfvertroue, selfrespek en respek vir andere en vir gesag te ontwikkel.
4. Om by elke leerder 'n begrip te kweek van kultuur en die geskiedenis van sy eie erfenis in samehang met dié van ander kultuurgroepe.
5. Om elke leerder te help in die opbou en uitleef van etiese en geestelike waardesisteme.

## **WAARDES**

1. Sterk ouerbetrokkenheid.
2. Handhawing van dissipline en selfdissipline.
3. Effektiewe kort- en langtermynbeplanning.
4. Sinvolle buitemuurse bedrywighede.
5. Getroue skoolbywoning van leerders.
6. Stiptelike teenwoordigheid van opvoeders.
7. Die opvoeder, nie-onderwyspersoneel, ouers en leerders se trots op die ganse skoolopset.
8. Die professionele en vriendelike optrede van die opvoeders en nie-onderwyspersoneel onderling.

Die arbeider vind 'n manier.  
Die luiaard vind 'n verskoning.

## **BELANGRIKE GEGEWENS**

1. **MEDIUM VAN ONDERRIG** Afrikaans
2. **STIGTINGSDATUM** 21 Januarie 1953
3. **LEUSE** Wees Wakker
4. **ADRES** Breëstraat 23, Despatch  
Posbus 193, Despatch
5. **TELEFOON** 041 933 1585  
**FAKS** 041 933 4655  
**E-POS** sonopprim@absamail.co.za
6. **GEBOUE**  
Ons pragtige gebou, waarop ons baie trots is, is volledig toegerus met onder andere die volgende:  
pragtige saal met kleedkamers  
24 gewone klaskamers  
4 voorskoolse klaskamers  
1 afoelkamer  
1 musiekkamer  
1 houtwerkkamer  
1 kunskamer  
1 mediasentrum / rekenaarkamer  
1 boekekamer  
1 snoepwinkel  
1 personeelkamer  
1 personeelwerkkamer  
4 kantore  
1 klubhuis  
verskeie pakkamers ens.

*Hy wat op sy louere rus, sal nooit iets groot bereik nie.*

## **EREKODE**

Ek beloof om na my beste vermoë:

My Here met opregtheid en toegewydheid te dien soos dit in God's Woord vir my geleer word.  
Eerbied te betoon teenoor my ouers, opvoeders, mede-skoliere en volwassenes.

Elke dag die skool by te woon en in take aan my opgedra, my allerbeste te lewer.  
Altyd in my voorkoms en kleredrag netjies te wees, sodat ek vir ander 'n voorbeeld kan wees.  
Deur goeie gedrag binne en buite my skool, my skool se naam hoog te hou.  
My maters in alle opsigte te respekteer en in liefde met hulle saam te verkeer.  
My eie naam en karakter onberispelik te hou.  
Vir my land en volk 'n goeie burger(es) te wees en die nodige eerbied en respek aan my  
landsvlag en volkslied te betoon.  
My moedertaal suiwer te praat en my volkstradisies te handhaaf en uit te bou.  
Aan my medelandgenote die nodige respek en eerbied te betoon en ook agting te hê vir sy  
taal en tradisies.  
Verder beloop ek om in woord en daad, niks te doen wat my skool, oneer sal aandoen nie.

<i>Lojaliteit</i> <i>Selfrespek</i> <i>Selfdisipline</i> <i>Doelgerigtheid</i> <i>Goeie selfbeeld</i> <i>Hardwerkendheid</i> <i>Selfwerksaamheid</i> <i>Verantwoordelikeheidsin</i>
--

## 19. **TOELATINGSKRITERIA**

### Bepaling 1:

Die aanvaarding van gegewens soos omskryf in:

- Onderwyswetgewing
- Skooldoelstellings
- Skoolfilosofie
- Skoolreëls
- Finansiële verpligtinge
- Kurrikulumvereistes
- Toelatingsvorm
- Slaagvereistes

### Bepaling 2:

- Gemiddelde ouderdom gekoppel aan graad
- Taalvaardigheid in Afrikaans en Engels
- Indiening van oorplasingertifikaat
- Voorlegging van identiteits-/geboortesertifikaat
- Vrywaring van aanspreeklikheid soos aangevra
- Aanvaarding van die toelatingsbeleid

## 20. **OUERBESOEKE**

Daar word 3 oueraande per jaar gereël waartydens akademiese probleme met die opvoeders bespreek word. Ouers word uitgenooi om enige saak rakende u kind met 'n opvoeder te kom bespreek. Maak asseblief net 'n afspraak.

### **LW**

ALLE BESOEKE DEUR OUERS AAN DIE SKOOL MOET EERS BY DIE SEKRETARESSSES AANGEMELD WORD. GEEN OUER MAG DIREK NA 'N KLASKAMER GAAN, OF IN DIE GANGE RONDDRENTTEL OF VIR LEERDERS BY DIE KLASKAMERS WAG NIE.

### **LW**

ALLE OUERS/BESOEKERS MOET DIE HOOFINGANG GEBRUIK EN DIE BESOEKERSREGISTER BY DIE KANTOOR VAN DIE SEKRETARESSSES TEKEN.

## 7. **APPARATUUR**

Ruim voorsiening word vir oudiovisuele-, sportapparaat ens. gemaak.

## 8. **SPORTFASILITEITE**

Ons beskik onder meer oor 2 rugbyvelde, 1 hokkieveld, 5 netbalbane, 2 mini-tennisbane, 2 tennisbane, 2 krieketnette, 1 krieket kolfflad met krieketveld, ruim ingerigte oefenplek vir atletiek, ens.

## 9. **INSKRYWING EN TOELATING**

- 9.1 Inskrywing geskied by die sekretaresse of die skoolhoof by die skool. Ons wil graag, indien enigsins moontlik, die ouers persoonlik ontmoet.
- 9.2 Wanneer die skool se geriewe maksimaal benut is, sal voorkeur gegee word aan aansoekers wat in ons skoolse geografiese omgewing woonagtig is.
- 9.3 By toelating word verlang dat:  
Die toelatingsvorm behoorlik voltooi sal word en dat u die aanvaarding van ons toelatingsbeleid, asook ander beleide aangeheg sal bevestig.  
'n Verpligte deposito op die skoolgeld betaal sal word.  
U 'n vorderingsverslag van die vorige skool saam met die oorplasingvorms sal indien.  
Die leerder se kliniekkaart, of 'n afdruk daarvan, en sy/haar identiteitsdokument of geboortesertifikaat getoon sal word.  
Indien 'n leerder allergies is vir sekere medikasie, stof, bysteek, ens., die ouer dit onverwyld onder ons aandag sal bring.  
Die leerder, indien moontlik, van die eerste dag af in ons skool se basiese skooldrag geklee sal wees.

*Die middelmatige leermeester vertel.  
Die goeie leermeester verduidelik.  
Die voortreflike leermeester demonstreer.  
Die Groot Leermeester inspireer.*

## 10. **SKOOLBYWONING**

Slegs die kind wat gereeld die skool bywoon, kan doeltreffend onderrig word. Dit is ondermynend vir die skool se dissipline en ook 'n refleksie op die orde en dissipline in u huis as u kind dikwels laat is vir die skool. Na 'n afwesigheid van een of meer dae moet 'n briefie met die werklike rede vir afwesigheid aan die klasopvoeder voorgelê word. Omdat ons opreg belangstel in die welsyn van ons leerders, moet u voor 08:00 op die dag van afwesigheid dit telefonies of per brief rapporteer. Leerders moet die skool tot op die laaste skooldag van elke kwartaal bywoon.

## 11. **SKOOLTYE EN LESURE**

### **EERSTE SESSIE**

Maandae tot Donderdae	07:35 - 10:12
Eerste Pouse	10:12 - 10:32
Vrydae	07:35 - 09:52
Eerste Pouse	09:52 - 10:12

Die eerste sessie sluit daagliks 'n Bybelonderrig-lesuur van 25 minute in.

### **TWEDE SESSIE**

Maandae tot Donderdae	10:32 - 13:20
Tweede Pouse	13:20 - 13:40
Vrydae	10:12 - 12:07
Tweede Pouse	12:07 - 12:20

### **DERDE SESSIE**

Maandae tot Donderdae Sportlesuur 13:40 - 14:30

Vrydae Koorlesuur 12:20 - 13:10

Graad R-leerders begin daaglik om 07:35 en verdaag om 12:00. Graad 1 en 2 en LSEN 1 verdaag soos volg:

Maandae tot Donderdae 12:52

Vrydae 12:07

Graad 3 - 7 en LSEN 2 verdaag Vrydae om 13:10. Op die laaste skooldag van elke kwartaal verdaag die leerders om 10:30.

### **18.5 VOORKOMS EN KLEREDRAG**

1. Alle leerders woon die skool by in die skooldrag van Laerskool Sonop. Geen hoede, pette of "beanies" mag gedra word nie.
2. Nuwe leerders mag vir 'n tydperk, soos deur die skoolhoof besluit, hulle vorige skool se drag aantrek, totdat Sonop se skooldrag aangeskaf is.
3. Baadjies en truie se moue mag nie opgerol word nie. Hemde mag nie uithang nie en skoene moet vasgebind wees. Geen slordige voorkoms sal geduld word nie.
4. Indien 'n leerder se skoene stukkend raak, mag hy/sy, met die skoolhoof se toestemming, vir 'n beperkte tyd die skool bywoon met ander skoene.
5. Alle klere en besittings moet duidelik gemerk wees. (VERAL DIE SKOOLBAADJIE EN TRUI.)
6. Leerders wat op opvoedkundige uitstappies gaan, moet in skooldrag geklee wees, behalwe as die klasopvoeder anders reël.
7. Geen ornamente soos ringe, hangers, kettings, ens. mag gedra word nie.
8. Dogters mag net een ringetjie of knopie aan die oorbel van elke oor dra. (Slegs goud of silwer)
9. Seuns mag nie oorbelle dra nie.
10. Geen leerder se hare mag gekleur word nie.
11. Seuns se hare mag nie die ore bedek nie en ook nie oor sy hemp se kraag wees nie.
12. Dogters se hare moet netjies vasgebind wees met 'n maroen lint of rekkie. Sodra 'n dogter se kuif langer as die wenkbroue is, moet dit vasgebind word en nie agter die ore ingehak word nie. Geen uitspattige style word toegelaat nie.
13. Leerders mag nie tatoeëermerke of ander tekeninge op hulle liggame hê nie.
14. Naels moet netjies geknip wees en geen naellak of enige ander grimering word toegelaat nie.

Het jy die moed om 'n sprong in die toekoms te maak?

### **18.3 BUITEMUURSE BEDRYWIGHED**

1. Leerders moet sportoefeninge getrou bywoon. Maak self verskoning by die afrigter indien jy nie 'n oefening of wedstryd kan bywoon nie.
2. Leerders moet vir wedstryde altyd in die korrekte sportdrag geklee wees.
3. Die gedrag van alle leerders, opvoeders, ouers en ondersteuners wat hulle met Sonop verbind, moet op en langs die sportveld altyd onberispelik wees. Geen swak gedrag sal op of langs die sportveld geduld word nie.

### **18.4 SELFONE**

1. Daar word 'n ernstige, dog vriendelike beroep op u as ouers gedoen om toe te sien dat leerders, indien moontlik, **NIE** hulle selfone skool toe bring **NIE**.
2. Ons besef egter dat selfone vir sommige ouers en leerders noodsaaklik is, maar dat daar riglyne moet wees ten opsigte van die gebruik daarvan tydens skoolure.
3. Die leerders mag slegs in besit wees van selfone, onderhewig aan die regulasies en ordereëls, soos in die skool se **Selfoonbeleid** vervat.
4. Daar word van ouers verwag om kennis te neem van die inligting vervat in die **Selfoonbeleid**, die beleid te onderteken en sodoende te onderneem om toe te sien dat hulle kind/kinders die beleid verstaan en sal eerbiedig.
5. Tydens toelating van u kind by die skool sal sodanige **Selfoonbeleid** aan u voorgehou word vir ondertekening.



*Veranderinge is 'n voortdurende proses  
wat nooit verby sal wees nie.*

## 12. **SKOOLGELD**

Dit word jaarliks aangepas en kan per maand of per kwartaal of vir die volle jaar vooruitbetaal word. 'n Rekening word aan die begin van die jaar asook aan die einde van die jaar aan die ouers gestuur.

Finansiële hulp kan onder sekere omstandighede/ voorwaardes aangevra word. Die aansoekvorm moet vergesel wees van die verpligte deposito op die skoolgeld.

Graad R- en RR-geld word by toelating met ouers gefinaliseer. Alle gelde is streng vooruitbetaalbaar.

Lopende uitgawes waarvoor die skoolgeld grootliks aangewend word, is onder meer:

- die aankoop van toerusting, apparatuur en leermiddels
- die verkryging van meer en beter geriewe vir ons leerders
- die bedryf van sportsoorte en die instandhouding van sportfasiliteite
- die bedryfsadministrasie van die skool
- die salarisse van sekere opvoeders en nie-onderwys personeel

Sonder u bydrae kan ons skool nie die finansiële mas opkom nie.

*Prestasie  
is die  
ontmoetingspunt  
tussen  
begaafdhedede  
en  
geleenthede.*

## 13. **LEERAREAS WAT AANGEBIED WORD**

AFRIKAANS	Huistaal
ENGELS	Eerste Addisionele Taal
XHOSA	Tweede Addisionele Taal
WISKUNDE	Syfervaardigheid
SW	Sosiale Wetenskappe
NW	Natuurwetenskappe
EBW	Ekonomiese- en Bestuurswetenskap
TEG	Tegnologie
LO	Lewensoriëntering
KK	Kuns en Kultuur

Bybelonderrig, Rekenaarvaardigheid, Kuns, Liggaamlike Opvoeding, Houtwerk en Naaldwerk maak deel uit van die verskillende Leerareas.

Die musiekafdeling is geprivatiseer. Alle klasse (klavier, blokfluit, kitaar en sang) word deur opgeleide musiekopvoeders aangebied gedurende skoolure. Die skool se fasiliteite word gedurende skoolure gebruik vir hierdie doel. Die ouers betaal hierdie musiekopvoeders 'n bekostigbare kwartaallikse fooi.

#### 14. **BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE** (Raadpleeg program)

Christelike Vereniging (Graad 7)

Koorsang

Skaak

Verskeie sportsoorte: Atletiek, Rugby, Netbal, Tennis, Mini-tennis, Krieket, Mini-krieket, en Hokkie

Alle kinders wat liggaamlik gesond is, behoort aan minstens een somer- en een wintersport deel te neem.

### **Het jy die moed om 'n sprong in die toekoms te maak?**

#### 18.2 **GEDRAG EN OPTREDE BINNE SKOOLGEBOU**

1. Gedurende saalbyeenkomste word onberispelike gedrag verwag. Dit is verbode om in die saal, gedurende saalbyeenkomste, te praat of te fluister. Gedurende enige optrede in die saal sal daar nie gefluit of "geboe" word nie.
2. Leerders mag nooit in die saal of skoolgebou hardloop nie. In die gange stap ons altyd stil en in netjiese rye.
3. Leerders mag nooit voor skool of pouses in die skoolgebou of klaskamers wees nie. Indien jy pouses, om enige rede in die klas moet bly, MOET 'n opvoeder daar wees om toesig te hou.
4. Niemand mag ooit in die kleedkamers speel, raas, mekaar natgooi, of hom/haar swak gedra nie.
5. Op reëndae moet leerders stil in die gange sit, staan of loop.
6. Leerders gaan nooit in 'n klaskamer in sonder die verlot van 'n opvoeder nie.
7. Geen skryfbehoeftes of eiendom van leerders mag na skool in klasse gelos word nie.
8. Indien 'n leerder enige skoolieendom, bv. 'n ruit breek, sal sy/haar ouers in kennis gestel word en op hulle koste herstel word. Leerders mag ook nooit op skoolbanke, skoolmeubels, vloere, mure, of skoolieendom krap nie. Indien 'n ander leerder iemand sien wat hierdie reël oortree, moet dit dadelik gerapporteer word.
9. Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie.
10. Moet nooit geld in die klaskamer los nie. Waardevolle artikels moet by die huis gelos word. Indien 'n leerder hierdie reël oortree en 'n waardevolle artikel skool toe bring doen hy/sy dit op eie risiko.
11. Draagbare CD-spelers, MP3-spelers of enige sulke speletjies/apparate mag nie skool toe gebring word nie.
12. Aan die begin van die jaar word alle boeke met plastiek oorgetrek en indien nodig weer deur die jaar om dit netjies te hou.
13. Leerders wat die skool deur die jaar verlaat moet alle skoolieendom, soos handboeke ens., betyds terugbesorg aan die klasopvoeder.
14. Indien 'n ouer wil hê dat 'n leerder om enige rede gedurende pouses nie moet uitgaan nie, moet die ouer 'n briefie ter verduideliking aan die klasopvoeder rig.
15. Geen gevaarlike voorwerpe soos messe of skerppunt skêre is toelaatbaar nie.

*Kommunikasie elke dag, kan die wêreld verander.*

#### 18.1 **GEDRAG OP SKOOLTERREIN**

1. Sodra die klok lui aan die begin van 'n skooldag en einde van pouses moet leerders dadelik in hulle rye aantree en stilbly.
2. Leerders mag nie die skoolterrein gedurende skoolure sonder toestemming verlaat nie.
3. Leerders mag nie items soos lekkers, ysies ens. van enige persoon buite die skoolterrein of oor die heining koop of ontvang nie.
4. Leerders mag nie goedere soos lekkers ens. by die skool verkoop of daarmee smous nie, behalwe met die toestemming van die skoolhoof.
5. Daar mag nooit met fietse op die skoolterrein gery word nie.
6. Leerders mag nie fietse of enige eiendom van ander leerders neem of beskadig nie. Leerders mag nooit 'n ander leerder se tas of eiendom wegsteek nie, al word dit as 'n grap bedoel.
7. Leerders mag nie mekaar met rekkeis of "pea shooters" skiet nie, klippe of ander voorwerpe gooi, of met stokke slaan of speel nie.
8. Geen leerder mag pouses agter die saal wees nie. Elke graadgroep moet op hulle eie deel van die terrein wees gedurende pouses.
9. Enige artikel wat opgetel word, moet dadelik by die sekretaresse ingehandig word.
10. Indien 'n leerder 'n klagte oor 'n ander leerder het, of sien dat 'n leerder 'n skoolreël oortree, moet dit eers met die klasopvoeder bespreek word. Leerders mag nie sommer mekaar na die skoolhoof se kantoor neem nie.
11. Geen leerder mag enige sigarette, vuurhoutjies of enige ander rookgoed in sy/haar besit hê of om enige ander rede skool toe bring nie. Rook word ten strengste verbied.
12. Geen pornografiese materiaal of alkohol mag deur 'n leerder op die skoolterrein gebring word nie. Enige leerder wat hierdie reël oortree, sal swaar gestraf word.
13. Bakleiery, afknouery, teistering, vloekery of enige soortgelyke gedrag word ten strengste verbied.
14. Rommelstrooi, breek van plante, krap op mure, beskadiging van toilette of vandalisme word verbied.
15. Leerders mag nie oor die heinings klim nie.
16. Dit is elke leerder se plig om die terrein netjies te hou.
17. Geen spelery mag gedurende pouse plaasvind nie.
18. Geen leerder se klere mag geskeur word nie.

*Die een wat maklik GEE  
is gelukkiger as die een  
wat normaalweg ONTVANG.*

## 15. SKOOLBOEKE EN SKRYFBEHOEFTE

Skryfboeke word gratis verskaf. Ons versoek vriendelik dat ouers in belang van hulle kinders, die volgende moet doen:

Enkele boekies, ringlêers en skryfbenodigdhede wat nie deur die skool verskaf word nie, aan te koop.

Toe te sien dat die leerders se boeke met plastiek oorgetrek word en netjies gehou word.

Indien 'n boek beskadig word of wegraak, moet 'n nuwe boek gekoop word.

Ouers mag nie opmerkings of boodskappe in die skryfboeke skryf nie.

Wanneer 'n leerder vertrek, moet alle handboeke ingelewer word. Skryfboeke mag behou word.

## 16. SKOOLDRAG

Die drag is soos volg vasgestel:

### SEUNS

Amptelike skoolbaadjie met skoolwapen op sak

Eenkleur maroen trui met V-hals

Wit hemp **met skoolwapen**

Grys kort- of langbroek

Grys langkouse **met skoolkleure**

Swart toeryskoene sonder patrone

Maroen moulose trui

### MEISIES

Amptelike skoolbaadjie met skoolwapen op sak

Eenkleur maroen trui met V-hals

Toeknoop maroen skoolrok

Kort wit sokkies tydens somer

Grys langkouse **met skoolkleure** gedurende winter  
Swart broekiekouse as dit baie koud is  
Swart skoene met oorslagbandjie of wat toeryg  
Haarlinte, rekkies, knippies ens, moet maroen/swart wees

## 17.1 **SPORTDRAG**

### Liggaamlike Opvoeding

Seuns Maroen frokkie en wit broekie  
Meisies Maroen bostuk met maroen broekie

### Atletiek

Seuns Maroen frokkie en maroen broekie  
Meisies Maroen bostuk en maroen broekie

Rugby Amptelike rugbytrui en wit broek sonder stewels. A-spanne speel in spesiale trui wat skoolleidendom is.

Netbal Maroen netbalromp en maroen bostuk en oorwegend wit tennis-hardloopskoene. Die A-spanne speel in spesiale rompies wat skoolleidendom is.

### Tennis/Mini-tennis

Seuns Maroen hemp (skoolleidendom) en maroen broekie (soos vir atletiek), wit sokkies en sportskoene.

Meisies Spesiale tennisdrag wat skoolleidendom is, wit sokkies en sportskoene.

Krieket/Mini-krieket Skoolhemp en wit broekie, skoolkouse, wit krieket-, tennis- of hardloopskoene en maroen skooltrui. Die A-spanne speel in spesiale oortrektrui wat skoolleidendom is.

Geen leerder mag kaalvoet aan tennisoefeninge of tenniswedstryde deelneem nie.

*Vandag klop aan jou deur vol beloftes en geleenthede.  
Vandag wil jou ook uitdaag tot net jou beste.  
Dis die dag wat jy die moeite werd moet maak:  
'n Sagte aanraking... 'n Glimlag.  
'n Doelwit wat bereik moet word.  
'n Uitdaging... 'n Droom.  
Dit wat 'n heerlike werklikheid moet word.  
Gee vandag net jou allerbeste.  
Daar wag dan avonture vir jou.*

## 17.2 **SKOOL- EN SPORTDRAG**

Lorita's, Despatch

Pro Ecclesia en Estelle's, Uitenhage

Die skool beskik oor 'n klerebank van gebruikte skool- en sportdrag.

Alle kledingstukke moet duidelik gemerk wees. (VERAL SKOOLBAADJIE EN TRUI)

Leerders sal nie toegelaat word om aan sportwedstryde deel te neem as hulle nie volledig in die drag vir die betrokke sportsoort geklee is nie.

Die dra van ons amptelike sweetpakke vertoon netjies wanneer leerders aan sportbyeenkomste en wedstryde deelneem.

Sweetpakke word nie as skooldrag gedra nie.

Skool- en sportdrag moet asseblief altyd netjies en skoon wees.

**18. SKOOLREËLS**

Hierdie skoolreëls is saamgestel in medewerking met die Beheerliggaam. Die doel van die reëls is om van ons skool 'n netjiese, georganiseerde en gedissiplineerde skool te maak. Indien opvoeders, ouers en leerders saamwerk om die reëls te handhaaf, sal elke lid van die skool gelukkig wees en dan sal daar met respek en agting deur die samelewing na ons skool opgesien word.

Verder wys die skoolhoof en Beheerliggaam die ouers daarop dat wanneer 'n leerder ernstige reëls, wat die orde binne ons skool kan aftakel en die skool se naam teenoor die samelewing kan skade aandoen, by herhaling verbreek, daar ten strengste teen sodanige leerder opgetree sal word.

Die skoolhoof belooft egter om ouers in sulke gevalle vroegtydig te nader en om te probeer om deur gesamentlike optrede van opvoeder en ouer, die leerder oor te haal om sy/haar gedrag so te wysig dat hy/sy met die res van die skool in pas kan kom.

*Goed genoeg, is nie altyd orals goed genoeg nie.*